Preek
Sondag 11 Mei 2008
Pinkstersondag
Ds Freddie Schoeman

Jakob – die Here roep hom ten spyte van sy verlede – belowe dat Hy hom sal seën / onvoorwaardelik liefde. *in jou en jou nageslag sal al die volke van die aarde geseën wees.*

Reaksie: Jakob word 'n gelowige – maar op sy voorwaardes!

Twintig jaar lank vorm die Here - ervarings / word bedreig – erken afhanklikheid van God – belangrike stap op die pad van geloofsgroei.

Jakob keer terug – herontmoeting met Esau – Jakob se verlede hom inhaal. – soos kat op warm sinkplaatdak. Vrees / skuldgevoelens dryf hom. [Ons: teleurstellings, mislukkings, verwerping, afbrekende kritiek – rig ons denke, gevoelens, bepaal ons besluite en ons optrede – en maak dat ons nie die mens word wat die Here bedoel het nie. Net soos met Jakob bring die Here ons soms by 'n punt van krisis – waar ons verlede ons op die een of ander manier inhaal – veroorsaak krisis]

Jakob reageer op hierdie krisis deur allerhande planne te maak – probeer die krisis laat verdwyn / probeer die hele ding vermy. Gen 32: buffer / noodgebed / omkoopgeskenke. Ten einde laaste, besef dit gaan nie werk nie – bly alleen agter.

Worteling: jou geluksprogram inruil vir God s'n. Vasklou aan verlede terwyl die Here jou probeer nuut maak (James Belasco: *Teaching the elephant to dance*. Moet eers die kondisionering van die verlede oorkom.)

Wat is jou naam? Jakob – speel oop kaarte [Here vra: wie is jy?]

Israel – *in jou en jou nageslag sal al die volke van die aarde geseën wees.*

Maak hom los van sy verlede – rig hom op die toekoms (wis nie die verlede uit nie – verlede is die pad waarmee die Here met ons geloop het – dis hoe Hy ons gevorm – lewenservaring uit verlede is deel van ons toerusting.

Volgende oggend: 'n nuutgemaakte Jakob wat Esau sonder vrees tegemoet kan gaan.

Soos met Jakob loop die Here ook met ons 'n pad … Hy is lief vir ons, elkeen van ons is belangrik vir Hom / kosbaar in sy oë. Selfs die lae luis van 'n Jakob! Here sê: Ek is lief vir jou, Ek wil jou nuut maak (wonde genees) – seën sodat in jou en jou nageslag die volke van die aarde geseën sal wees.

Jesaja 49	**Jesus in Lukas 4**	**Johannes 20:21**
6 Hy het gesê: Dit is nie genoeg *dat jy my dienaar is* *om die stamme van* *Jakob te herstel* *en om die Israeliete wat* *gered is,* *terug te bring nie;* *Ek maak jou 'n lig vir die nasies* *sodat die redding wat Ek bewerk,* *die uithoeke van die* *aarde sal bereik.*	*18 "Die Gees van die* *Here is op My* *omdat Hy My gesalf het* *om die evangelie aan armes* *te verkondig.* *Hy het My gestuur* *om vrylating vir gevangenes* *uit te roep* *en herstel van gesig vir blindes,* *om onderdruktes in vryheid* *uit te stuur,* *19 om die genadejaar* *van die Here* *aan te kondig."*	*21 "Vrede vir julle!" sê* *Hy weer vir hulle. "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook."* *22 Nadat Hy dit gesê het, blaas Hy oor hulle en sê: "Ontvang die Heilige Gees!* **Handelinge 1:8** *8 Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld."*

Wanneer die Here ons seën. dan is dit nie net ter wille van onsself nie – die bedoeling is dat ons daardie seën sal uitdra na ander.

In die woorde van die Pinkenolsie storie: elkeen van ons kry 'n geskenk. Die Here kom voeg waarde toe tot ons lewens – maar ons roeping is om waarde toe te voeg tot ander.

Aanvaar dat ons *waarde* het: elkeen van ons het soveel om te gee! Sien dit dikwels nie raak nie – wat kan ek nou vir iemand beteken? Matteus 25: Gelykenis van die goue muntstukke – talente. 5 / 2 / 1 . Elkeen het iets om te gee – elkeen het waarde om toe te voeg. Selfs die een met die een! Wat maak ons daarmee? Eerste slaaf 10, tweede 4, derde – begrawe. Goeie getroue .. / slegte en lui!

- Wat maak ons daarmee?
- Wat gaan die Here se reaksie wees?
- Hoe vind ek uit? (Ons wil nie soos laaste slaaf wees nie, maar ek is nie heeltemal seker wat my talente is nie.)

Ideale geleentheid om uit te vind – en hoe om dit *om te bou* tot sterkpunte – Sat 17 en 31 Mei.

Ook ander manier om waarde toe te voeg –geloofofferbelofte.